

24 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 2:1-7

Fokusgedeelte: Lukas 2:4

Die Messias is werklik in Betlehem gebore!

“Waar kom jy vandaan?” Met 'n gewone vraag word daar baie oor wie en wat 'n persoon is, ingewin. Jesus is in Betlehem uit die geslag van Dawid gebore.

Lukas, onder inspirasie van die Heilige Gees wys baie duidelik op hierdie feit. Dit is van groot betekenis vir ons verlossing. In opdrag van keiser Augustus moes almal na hulle geboorteplek vir 'n sensusopname gaan. Met hierdie opname moes die nodige belasting uitgewerk word. Josef en Maria, uit die geslag van Dawid moes na Betlehem, die stad van Dawid gaan. God gebruik so politieke leiers om sy profesieë aangaande die Messias in vervulling te laat gaan. “Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n staf hulle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hóm ophef wat nie hout is nie!” (Jes 10:15).

'n Duidelike profesie aangaande die geboorte van die Messias lees ons in Miga 5:1: “En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.”

“Uit die huis en geslag van Dawid” wys op sy mensheid. Die Seun van God het waarlik mens geword. Hy het ons nederige en sondige natuur aangeneem sodat daar volkome verlossing van ons sondes kan wees.

Daarom is die verwysing na sy geboorteplek en die voorgeslag nie maar 'n saak van familie-uitleg nie. Dit gaan oor die ware en volkome verlossing van die mens!

Hiermee word ons elkeen vertroos: daar is volkome verlossing vir my sondes gedoen. Jesus het waarlik mens geword en as ware mens in my plek aan die kruis gesterf.

Kersfees is familietyd. Veral wanneer ons nie soseer deur bloedbande nie, maar deur geloofsbande saamgesnoer word.

Sing: Psalm 118:1, 13

Ds P van Wyk (Pretoria-Noord)